

Maleagi:

Ek het julle lief! Waar is My eer?

Hoekom dien
JY
die HERE?



HOEKOM DIEN JY DIE HERE?

Liewe broer, liewe suster

Hoekom dien JY die Here?

Wat motiveer jou om Hom te dien?

Hoekom is dit vir jou belangrik om die Here te dien?

Dis die vraag vanoggend, geliefdes:

Hoekom dien EK die Here?

DIEN EK HERE VIR VOORSPOED VANDAG?... VERMETEL!

Wanneer die Here deur Maleagi gesels, geliefdes, sê Hy dat ons as mense eintlik op twee maniere kan leef:

*Of ek leef terwyl ek **op myself fokus** ...*

*Of ek leef terwyl ek **op die Here fokus** ...*

Wanneer ek glad nie die Here dien nie ... dan fokus ek natuurlik op myself:

- Ek doen wat EK wil.
- Ek dink oor wat vir MY belangrik is.
- Ek gee net aan MYSELF aandag.

Maar ek kan ook net op myself fokus ... al dien ek die Here:

- Dit was juis die probleem van sommige van die gelowiges in Maleagi se tyd:

Julle het gesê:

“Dit is nutteloos om God te dien.

Watter nut het dit dat ons sy bevel uitgevoer het ...

- Hierdie gelowiges voel dat hulle hul tyd mors om die Here te dien.
- Hulle maak geen wins uit al hulle luister na die Here nie.
- Al verootmoedig hulle hulle voor die Here, al bely hulle al hul sondes voor die Here ... dit lewer niks op nie!
- Kyk net hoe lyk hul lewe nou:

- Die sprinkane het gekom en hul lande verwoes ...
- Hulle beursies bly leeg ...
- Polities is hulle steeds nie hul eie baas nie ...
- As hulle moet eerlik wees, wil hulle sê:
Vir die lewe vandag ... is dit nutteloos, sinloos, om die Here te dien!

En dit word vir hulle nog duideliker wanneer hulle kyk na hoe goed dit gaan met dié mense wat hulle rug totaal op die Here gedraai het:

- Hulle is geseënd!
- Met hulle gaan dit goed ...!
- Hulle gaan vooruit in die lewe ...!
- Al daag hulle die Here uit, kom hulle vry!

Hoor jy wat sê hierdie mense, geliefdes?

Ek dien die Here ... vir wat EK daaruit kan kry ... vandag!
Ek dien die Here ... vir MYSELF ... vir voorspoed ... vandag!

Dis nie so vreemd nie:

- In Job se tyd het satan al vir die Here gesê:
Job dien U net omdat U hom ryk maak ... omdat U hom gesondheid gee.
- Ook Asaf worstel in Psalm 73 omdat dit met hom as gelowige sleg gaan terwyl die mense wat hul eie pad stap, so gelukkig is!
- En hoe dikwels is dit nie ook maar ons worstelinge nie:
Ek dien die Here ... maar ... tog word ek siek ...
Ek gee my bydrae ... maar tog verloor ek my besigheid ...
- Daarom dink ons ook dikwels:
As ek net soeter hier leef ... meer op die Here fokus ...
dan sal dit weer met my beter gaan in my lewe.

Ek dien die Here ... sodat dit met my ... hier ... vandag ... sal goed gaan!

Wat sê die Here hiervan, geliefdes?

In die eerste plek sê die Here:

Onthou, jou lewe gaan nie net om vandag nie.

- Daar kom 'n môre waarop die Here gaan oordeel.
- Daar kom 'n dag waarop die Here gaan ingryp.
- En op daardie dag gaan die mense wat hul eie pad gestap het, die Here geïgnoreer het, verbrand word, opgebrand word.
- Hulle gaan soos kaf in die pottebakker se oond wees ... vinnig aan die brand .. vinnig uitgebrand.
- So al het hulle nou die goeie van die lewe ervaar: *Hul uiteinde is nie goed nie.*

Onthou dus altyd: Jou lewe is meer as net vandag!

Maar ook sê die Here:

Julle het vermetele dinge oor My kwytgeraak ...

- Ja, as jy die Here vir jouself dien ... maak jy asof jy sterker as die Here is.
- Jy maak asof jy die Here se baas is, vir Hom kan sê wat Hy moet doen.
- Want wat jy eintlik vir die Here sê, is:
 - *As ek nou kerk toe kom ... moet U môre se onderhoud goed laat afloop.*
 - *As ek vandag hierdie boodskap aanstuur ... moet U my môre seën!*
 - *Ja, Here, ek bepaal wat U moet doen en hoe U moet optree!*

Dis vermetel, geliefdes!

- Want ons as mense, ons almal saam, is soos 'n druppel aan die emmer ... soos 'n stoffie op 'n skaal ...
- En God is ... GOD ... die Pottbakker ... ons Skepper, ons Koning, ons Baas.
- Hy het ons geskep ... VIR HOM!

Om dus die Here te dien ... vir voorspoed hier en nou ... dis vermetel!

EK DIEN HERE TER WILLE VAN HOM! ... EWIGE WAARDE

Maar nou is daar ook mense wat ... op die Here fokus ...

Dis die mense wat eerbied vir die Here het:

- Jy vrees die Here ...

- Jy het ontsag vir die Here.
- Jy ken die Here vir Wie Hy werklik is:

Die Almagtige, Alomteenwoordige, Alwetende Here.
Die Here wat die hele aarde met water skoonmaak ...
Die Here wat die son laat stilstaan ...
Die Here wat die dood oorwin ... en oorwin het ...

- Jy erken die aanspraak wat die Here op jou en jou lewe het:
Klim ek op na die hemel, is U daar, gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar.
U het my gevorm, my aanmekaar geweef in die skoot van my moeder.
al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is ...
- Jy erken dat die Here die volste reg het om vir jou te sê:

Abram ... lewe na by My en wees opreg!
Tollenaar Matteus ... volg My!
Jongman wat dood is ... Ek sê vir jou, staan op!

Jy erken die Here as jou Meerdere ...

Daarmee saam heg jy waarde aan die Here se Naam:

- Die Here is vir jou belangrik.
- Die Here is vir jou waardevol.
- As jy die Here op 'n wegskaal moet sit ... gaan Hy die swaarste van alles en almal weeg.
- As jy gaan moet kies tussen jou gesondheid en die Here ... kies jy die Here!
- As jy gaan moet kies tussen jou werk en die Here ... kies jy die Here!
- As jy gaan moet kies tussen jou lewe en die Here ... kies jy die Here!
- Mens hoor Paulus se woorde in Filippense:

Ek beskou alles in my lewe as waardeloos,
want om Christus Jesus, my Here te ken, oortref alles in waarde.
Vir my is die lewe Christus, die sterwe wins!

- Mens sien Daniël ... besig om te bid ... al gaan hy in die leeukuil beland.

Sien jy hoe mens ook kan leef, geliefdes?

Ek dien die Here ... omdat Hy is wie Hy is ... omdat Hy op my aanspraak maak!

Ek dien die Here ... ter wille van Hom ... sodat HY SY EER kry!

Ek dien die Here vir Homself!

En dis vir Hom ... **goed**:

- Wanneer mense so oor Hom dink en praat ... dan neem die Here daarvan kennis en luister Hy na hulle.
- Nog meer ... Hy sorg dat hulle name in 'n gedenkboek opgeskryf word:
 - Dis was tipies van daardie tyd dat 'n koning alles wat gebeur het en wat belangrik was om te onthou, sou laat neerskryf.
 - En later sou die koning dit dan weer laat voorlees en sou hy die mense wat goed gedoen het, beloon het.
 - Dink maar aan Mordegai ... in Ester se tyd ... hoe die koning nie in die nag kon slaap nie en toe die annale laat voorlees het ... en toe van Mordegai gehoor het ... en hom toe vereer het.
- Die Here gaan dié mense wat Hom dien vir wie Hy is ... Hy gaan hulle onthou!

Wanneer die Here die dag ingryp, wanneer die Here die dag terugkom, dan mag jy wat die Here vir Homself dien, weet:

- Letterlik in vers 17:

Hulle is vir My!

- Dis aangrypend ... hierdie persoonlike toe-eiening deur die Here.
- Jy is Myne ... sê die Here ...
- Dis wat jy mag hoor ...
- Wat meer wil jy hê?
- Ook mag jy weet ...

Ek maak hulle my persoonlike besitting.

 - Ja, die Here sien jou as SY eiendom.
 - Dis 'n begrip wat die Here altyd net op SY volk, sy eie kinders, toepas.
 - Ek is die Here s'n ... SY kroonjuweel ...

- En jy mag weet:
Ek sal goed wees vir hulle ... soos 'n pa vir sy seun wat vir hom werk
 - Ja, jy gaan die Here se eie liefde en genade en ontferming beleef.
 - Jy gaan beleef wat Israel deur soveel jare ervaar het.
 - Jy gaan ervaar wat Jesus kom bewerk het ... God se genade vir jou!
- Dis die besondere wat jy gaan beleef wanneer jy die Here dien vir Homself:
Jy is MY kind ... MYNE ... teenoor wie EK my ontferm!

Duidelik beklemtoon die Here:

*Moenie dat aardse voorspoed jou fokus is wanneer jy die Here dien nie.
 Daar is iets meer waardevols wat jy kan beleef ... iets met **ewige waarde**:
Ek, die Here, onthou jou ... en Ek ontferm My teenoor jou ... MY kind!
JY IS MYNE ... vir ALTYD!*

EK BELEEF ... EN EK LEEF ... DIE LEWE SO ANDERS!

Maar, geliefdes:

Ook vandag verander my lewe wanneer ek die Here vir Homself dien!

- En dan nie dat my lewe makliker en lekkerder en meer voorspoedig word nie.
- Ook nie dat ek al die siekte en swaarkry en pyn misloop nie.
- Inteendeel ... dink maar net aan Stefanus se lewe ... Stefanus wat met klippe doodgegooi word ...
- Maar ...

Hoe ek die lewe beleef ... en hoe ek die lewe leef ... dit word so anders!

Want in hoofstuk 4:2 sê die Here:

Maar vir julle wat eerbied het vir my Naam, sal die son van redding skyn ...

- Die son van redding ... letterlik ... die son van geregtigheid.
- Wanneer ek ter wille van die Here leef ... kom daar LIG in my lewe in.
- Want ons leef so in die donkerte ... in die duisternis van ons sonde ... en die donkerte van satan se baas-wees in ons lewe.
- Maar wanneer ek op die Here fokus ... kom die son op ...

- Natuurlik dui dit ten diepste op ons Here Jesus ...
- HY kom in my lewe in.
- En HY gee LIG in my lewe.
- HY haal al die donker kolle van my sonde, my skuld, my skuldgevoelens weg.
- HY laat my asem haal ... die lewe weer in die oë kyk ... die lewe weer sien soos God dit bedoel het.

En wanneer Jesus in my lewe inkom ... dan kom Hy

... met genesing in sy strale, letterlik in sy vlerke

- Ja, Jesus maak my gesond.
- En die gesond-wees is nie sonder kanker of sonder hartprobleme of sonder Fibriomalgie se pyne nie.
- Née, die gesond word, is: *Ek word in die kern van my mens-wees herstel.*
- Dit wat stukkend gegaan het in my as mens ... met die sondeval ... word herstel.
- Die katastrofe van die sonde – dat ek in sonde gebore word – word omgedraai.
- My hard van klip word 'n hart van vleis gemaak.
- Ek word weer 'n mens uit een stuk ... 'n mens met een fokus ...
- Ek word weer die mens wat God bedoel het toe Hy my en jou gemaak het.

By Jesus ... deur sy Gees ... word ek weer 'n gesonde mens, 'n heel mens.

En die gevolg hiervan?

Julle sal vry word ...

- Die Here maak my vry.
- Ek is nie meer vasgebind ... aan myself ... aan my sonde ... aan satan nie.
- Ek is nie meer 'n mens wat krampagtig net op myself fokus nie.
- Ek leef nou die lewe met oorgawe, doelgerig, sinvol.

En ... *julle sal bokspring soos vetgemaakte kalwers ...*

- Ek kry energie ...
- Die Gees van Christus vul my met ware energie ... met lewensenergie.

- Die Gees wek in my hierdie nuwe lewe ... vul my met lewe ...
- Nou kan ek soos 'n kalf wat vrygelaat is, rondhuppel.
- Mens ken tog daardie beeld ... as jy 'n dier in 'n hokkie vasgehou het ... en jy laat hom los ... hoe hy net sy agterlyf opskop ... hoe die voëltjie net haar vlerke losskud ... hoe die dier net rondhardloop: *Ek is vry ... ek het energie!*
- Dis met sulke energie wat jy en ek die lewe nou mag aanpak.
 - Ek is bly ... opgewonde ... vrolik ...
 - Ek sing lofliedere ... soos Paulus in die tronk in die middel van die nag.
 - Ek troos mense met Jesus se liefde ... soos Barnabas.
 - Ek is onverskrokke in my dien van die Here ... soos Paulus.

*Ek leef die lewe ... met oorgawe ...
want die Gees gee my meer as genoeg energie!*

En die uiteinde van alles is ... *julle sal die goddeloses vertrap ...*

- Ja, die onreg in hierdie wêreld kom tot 'n einde.
- Met my Jesus-liefde bring ek versoening waar verhoudinge versuur het.
- Met my Gees-energie stry ek suksesvol teen die bose se inpak in my lewe.
- Satan ... en my sonde ... en my verkeerde begeertes het nie meer die laaste sê in my lewe en in jou en my verhouding en in my gedagtes nie.
- Ek lewe 'n oorwinningslewe ...
- Ek lewe 'n lewe vol hoop ... liefde ... uit geloof!

Dis die waarde van 'n lewe waarin die Here die fokuspunt is, waarin ek die Here eer vir wie Hy is:

Ek beleef die lewe nuut ... en ek leef die lewe nuut ... anders!

- Ek is nog seer met my pyne ...
- En ek word nog uitgebuit en seergemaak ...
- En ek verloor nog my werk ...
- En my omstandighede lyk dikwels nog so hooploos ...

Maar ... ek beleef dit anders ... en ek lewe anders ...

Geliefdes:

Hoekom dien jy die Here?

Op WIE fokus jy wanneer jy die Here dien?

- Daar is eintlik net twee moontlikhede:

Ek dien die Here vir myself ... of ... ek dien die Here vir Homself.

- Wanneer jy die Here dien vir jou eie gemak en voorspoed ... dan sê die Here:

Stop dit ... want jy is vermetel!

Bekeer jouself!

- Wanneer jy die Here dien vir wie Hy is ... dan sê die Here:

*Beleef die seën van ... ek **kyk verder** as net vandag.*

*Beleef die seën van ... ek **beleef** die lewe **anders** vandag.*

*Beleef die seën van ... ek **leef** die lewe **anders** vandag.*

- En onthou ... die Son van geregtigheid, ons Here Jesus, kom eendag terug:

Dan verdwyn ook die aardse swaarkry en pyn.

- Maar intussen die kritiese vraag:

Hoekom dien ek die Here?

Ter wille van myself ... of ter wille van Hom, die Here?

Kom ons sing ... Lied 365 ...